NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 19 – Uitgawe 11
26 Maart 2026

## Plek om te vra, te kommer, om te deel en te wees

**Niks doen het ook 'n prys: 'n sagte, maar dringende uitnodiging om jong volwassenes raak te sien – en ernstig op te neem.**

Dikwels hoor ons die vraag, *Waar is al die jongmense? Waarom sien ons hulle nie meer by die kerk nie?* Ek wil elkeen van u graag uitnooi om saam met my hieroor na te dink.

'n Gemaklike definisie vir 'n jong volwassene is enigiemand wat nuut die wêreld van die volwassenes betree. Hierdie persoon tree vir die eerste keer in hierdie onbekende wêreld van *volwasse besluite* in, hetsy dit studies, 'n jaar oorsee of 'n geleentheid is om dadelik aan die werk te spring.

Dink daaroor – dit is hier waar jy jou identiteit begin vaslê, waar die groot besluite oor jou toekoms geneem word, waar verhoudings, vrae, onsekerheid en avontuur vir jou wag. Oral om jou word daar nuwe verhoudings gekweek, nuwe inligting ingeneem en nuwe vaardighede aangeleer. En tog voel 'n mens of jy die heeltyd agterbly.

Nóg 'n program, nóg 'n stel lesse kan hierdie diepe menslike ervaring werklik aanspreek. Wat jy nou nodig het, is egtheid, aanvaarding, betekenis en gemeenskap. 'n Plek om te vra, om te kommer, om te deel en om te *wees*.

Kom ons kyk na die beeld van die eerste kerk (Hand 2: 43-47) waar daar beskryf word hoe die gelowiges getrou as 'n gemeenskap bymekaar gekom het, waar hulle saam om 'n tafel gesit en geëet het en hulle elkeen volgens sy/haar behoefte ondersteun het. Hulle het God geprys. Dit klink soos dié plek om te vra, te kommer, te deel en om te wees. Dit klink soos die plek waar *dissipelskap* gekweek word.

Jongmense is nie die kerk van môre nie, maar reeds deel van die kerk van vandag.

Wanneer ons daardie stelling ernstig begin opneem, kan 'n mens nie anders as om aksie te neem nie. Enige suksesvolle bediening behoort gemeet te word aan volhoubare verhoudings waar geloofsgesprekke spontaan gebeur – waar betrokkenheid omgeskakel word na verantwoordelikheid en waar groei nie kwantitatief is nie, maar kwalitatief.

Natuurlik staar talle uitdagings ons in die gesig. Een van die eerstes waaraan ons dink, is onsekerheid oor waar om te begin. Dalk is die kapasiteit van 'n gemeente ook 'n bekommernis. Dalk is ons bloot bang dat die verandering iets van ons ervaring van kerk gaan aantas, of dat daar doodeenvoudig net nie belangstelling is nie. Gemeentes is onder druk, kapasiteit is min, en verandering kan soos 'n berg voor jou lê – maar niks doen nie, het ook 'n prys. Die Skrif roep ons tot onmiddellike, nie uitgestelde, aksie (vergelyk 1 Kor 12).

Die eerste tree vir enige bediening, en soveel te meer vir jongvolwassebediening, is om te luister na die behoeftes, om verhoudings te bou, en om net bereid te wees om te probeer. Julle sal verstom wees oor hoeveel momentum slegs een tree kan bring! Ja, predikante het ook 'n rol om te vervul, maar die bediening is nie net beperk tot hulle nie. Daar is in enige gemeente talle leiers wat net wag om ingespan te word. En wie weet, dalk is daardie leier self 'n jong volwassene!

Ek nooi julle uit om saam te droom. Nie net oor die toekoms van die kerk nie, maar ook oor die kerk wat reeds hier is.

**Ds Annami Cockeran**
**(Elandspoort)**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed



Mev Sonja Esterhuizen

- **Dr Kobus van Biljon** (emeritus) sterk tuis aan nadat hy 'n niervervanging ondergaan het. Ons bid vir hom 'n spoedige herstel toe.

- **Ds Peet Esterhuizen** (emeritus) **se vrou, Sonja,** sterk tuis aan ná 'n breuk- en galblaasoperasie. Ons bid vir haar 'n spoedige herstel toe.

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 April. Die Kerk wens u 'n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 25 Maart: Ds BJ (Barnie) van der Walt (emeritus)
  - Donderdag 26 Maart: Ds DJP (Dirk) Stoltz (emeritus)
  - Vrydag 27 Maart: Ds JBMH (Barry) van Schalkwyk (Drie Riviere-Oos)
  - Saterdag 28 Maart: Di LJ (Lorret) de Leeuw (Carolina), MD (Mariët) Robbertze (Kempten), en JJ (Jaco) van Sittert (Randburg)
  - Sondag 29 Maart: Dr FJ (Frans) Boshoff (emeritus/Chrissiesmeer)
  - Maandag 30 Maart: Di D (Drian) Cockeran (Bronkhorstspruit), en
  - TF (Thomas) Dreyer (emeritus)
  - Woensdag 1 April: Ds A (Annalize) Rossouw-Lombard (beroepafwagtend)
  - Donderdag 2 April: Prof AB (Ananda) Geyser-Fouché (dosent/Philadelphia), en ds L (Leanie) Lemmer (Bellville)
  - Vrydag 3 April: Ds D (David) Barnard (emeritus/Magaliesmoot)

## Gemeentes en bediening



Ds Schalk Zastron

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Moderamen** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 30 Maart** bereik **vir 10 April** se vergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.

- **Ds SW (Schalk) Zastron** (Ermelo) het 'n **beroep na Grimbeekpark** ontvang.



Ds Johan Ayres

- **Ds J (Johan) Ayres** (emeritus/Germiston) het 'n **beroep na Germiston** (deeltyds) ontvang. Hy het die beroep aanvaar.

- Die Kommissie van die AKV **verleen emeritaat aan ds GJ (Geo) Smit** op 31 Julie 2026.



Ds Geo Smit

## Kerklike en ander publikasies










- In die **Maart 2026-uitgawe** van ***Die Christelike Vrou*** skyn ons die kollig op die Nasionale NHSV Kongres van 2026 met **ds Hannelie Botha** se redaksioneel *Nogtans sal ons jubel.* **Mev Mari-lizé Beukes**, voorsitter NHSV Hoofbestuur deel die Wêreldbiddag vir Vroue se tema *Kom, ek sal jou rus gee.* **Dr Piet van Staden**, Gemeente Worcester, praat oor die gesprek wat telkens na vore kom oor geloof en wetenskap in *God se spore.* **Emmé van Niekerk** benadruk die werk van 'n arbeidsterapeut met ons in deel 4 van haar reeks in *Dit begin by jou JA*. **Daleen Gouws,** kommunikasiebeampte van Ons Tuis, lig hoogtepunte uit van Ons Tuis se jaarlikse *Woeker-en-Werk-Tuinekompetisie*. **Tessa Oppermann**, Gemeente Rooihuiskraal, bied taalwenke aan in deel 4 van haar reeks *Praktiese Afrikaans – O komma!* Volg die skakel ***hier*** na ons NHSV-publikasies.




## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **Anushke Muller**. Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Laat gerus vir ons kommentaar en deel u gedagtes oor die Blitsflits. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is beskikbaar op sosiale media en YouTube.

## 'n Gedig

**Avondmaal**

Daar was 'n stilte in die oppersaal
toe Hy met sterk, verhewe hand Hom draai
en sê: "Die man wat My vannag verraai,
sit saam met My aan hierdie avondmaal...."


In twyfel het hul daardie woord herhaal
en wis nie dat hul vóór die hanekraai
soos blare van 'n boom van Hom sou waai...
Maar één was doodsbleek teen die lampestraal!

Toe het hy brood geneem en God gedank,
dit met die hand gebreek en dit geseën:
die beker het Hy boordevol gegooi

met wyn wat dartel was en vonkelrooi –
maar, hoog gehou, was in geen hand voorheen
ooit wyn so rooi, ooit aardse brood so blank!

**WEG Louw**
Uit: *Die passie van ons Heer*




- **Stasies van die Kruis** by **Gemeente Centurion-Oos**, Napierweg 103, Lyttleton. Die Stasies van die Kruis bied ons die geleentheid om in ons eie leefwêreld 'n pelgrimstog te onderneem en in die gees die krag van die Pase te beleef. Jy is welkom om dit saam op **jou eie tyd** te kom beleef. Dit sal sinvol wees om 'n uur of meer opsy te sit om deur die stasies te beweeg. Die stasies verskil jaarliks. Daar is 'n handleiding beskikbaar by die begin van die stasies. Toegang is gratis, maar donasies is welkom, ook in die vorm van nie-bederfbare kos.

    - Maandag 30 Maart: 09:00-12:00
    - Dinsdag 31 Maart: 09:00-12:00 en 16:00-20:00
    - Woensdag 1 April: 09:00-12:00 en 17:00-20:00
    - Donderdag 2 April: 09:00-12:00 en 16:00-18:30
    - Vrydag 3 April: 10:30-13:00
    - Saterdag 4 April: 10:00-13:00









## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week

Almagtige Vader,
ons prys U dat u Seun die Koning is wat ons nodig het;
dat sy meegevoel geen gelyke het nie.
Help ons om U as ons regverdige Koning te vertrou en te gehoorsaam
en mag u Naam vir ewig geprys word.
In die Naam van Jesus.
Amen.

www.bible.com/af/reading-plans/1418-preparing-our-hearts-for-easter-lent/day/17

Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger